# Resensies

Van der Walt, B.J. 2006. **When African and Western cultures meet: from confrontation to appreciation.** Potchefstroom: ICCA.
(*T.D.* (*Derrick*) *Mashau*) .......... 791

Kommers, J. 2005. **Ontwaakt, gij die slaapt!** Jongbloed: Heeren-veen.
(*N. Vorster* ) .......... 792

# Fokusresensies

König, Adrio. 2006. **Die groot geloofswoordeboek.** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
(*P.P. Kruger*) .......... 796

Thielicke, Helmut. 2006. **God se prenteboek.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(*L. Floor*) .......... 798

Vosloo, W. 2006. **Die boek Hosea.** Wellington: NG Kerk Uitgewers.
(*S.D. Snyman)* .......... 799

Pienaar, D.N. 2006. **Josua.** Wellington: NG Kerk Uitgewers.
(*William Vosloo*) .......... 800

Thielicke, Helmut. 2006. **Die gebed wat die wêreld omspan.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(*B.J. de Klerk*) .......... 802

Conradie, Ernst. 2006. **Waar op dees aarde vind mens God? Op soek na 'n aardse spiritualiteit.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(*F.W. de Wet*) .......... 804

Bothma, Jan. 2006. **Waar is my geliefde wat gesterf het?** Wellington: Lux Verbi.BM. (*Marius Nel*) .......... 811

Theron, Flip. 2006. **Troos in 'n tyd van vertwyfeling: oor die vreemde vertroosting van die Gees.** Wellington: Lux Verbi.BM. (*B.J. de Klerk*) .......... 814

Doyle, John & Doyle, Barbara. 2006. **Measuring your marriage.** Wellington: Lux Verbi.BM. (*W.C. Vergeer*) .......... 815

Maartens, Maretha, *samest*. 2006. **Deur trauma: boek 4.** Pretoria: LAPA Uitgewers. (*Cecelia Jansen*) .......... 816

# Resensies

**Van der Walt, B.J.** 2006. **When African and Western cultures meet: from confrontation to appreciation.** Potchefstroom: ICCA. 317 p. Price: R125,00. ISBN: 1-86822-510-0.

**Reviewer:** T.D. (Derrick) Mashau
School of Ecclesiastical Sciences, Potchefstroom campus, North-West University

This book is written from a philosophical frame of reference with the intention to solve the tension that exists between African and Western cultures in their approach to solve various socio-economic-political and religious challenges facing Africa in the 21st century. It is the author's thesis in this book that the Christian worldview is not only a key to solve problems that exist, but also a pulling factor for people from diverse cultures to cooperate and work together in solving those problems. The Christian faith is portrayed in this book as a living faith with the power to transform all cultures from within and redirect them to be of service to the kingdom of God on earth.

This book is divided into nine chapters, and in each chapter the author reflects on one of what he considers to be contentious issues as experienced by all citizens of Africa from diverse cultures – the Western and African cultures in particular. Burning issues highlighted in this book includes the following: poverty, development, globalisation, leadership models, different perspectives of viewing reality, cultural differences, the position of women in society, and the crisis in agriculture in Africa.

In this book, the author succeeded in pointing out that there is often tension between people of Western and African orientation in their efforts to solve common problems that they face in this continent. The tension that exists is not only influenced and informed by the cultural diversity between people of Western and African orientation, but also cultural imperialism and relativism as experienced by both.

In the effort to foster cooperation between the two cultures, the author encourages people of Western and African cultures to engage in intercultural communication which is grounded in the Christian worldview. The Christian worldview, from a reformational perspective, provides both Western and African cultures with a framework from which they are able to appreciate the good and transform the bad in one another. As informed by this worldview, the author is convinced that the differences between cultures should be seen as a God-given opportunity to be celebrated as they bring mutual enrichment and empowerment in the encounter. It also helps people from different cultural backgrounds to learn to appreciate their cultural diversity and cooperate in their effort to solve common socio-economic and political challenges that they experience together in this world. I highly recommend this book.

**Kommers, J.** 2005. **Ontwaakt, gij die slaapt!**
Jongbloed: Heerenveen. 592 p. Prys: € 29,95. ISBN: 90-5829-616-4.

**Resensent:** N. Vorster
Skool vir Kerkwetenskappe, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Die boek is ’n uitgawe van ’n gelyknamige proefskrif wat in 2005 aan die Noordwes-Universiteit behaal is. Dit stel ondersoek in na die prediking van Gottfried Krummacher, Hermann Kohlbrügge en Paul Geyser in Wuppertal gedurende die negentiende eeu. Hierdie drie predikers was bekend as herlewingspredikers wie se preke herlewing en verandering teweeg gebring het in ’n vinnig veranderende industriële samelewing. Die vraag wat Kommers stel is: Waarom het hulle preke sulke trefkrag gehad? Wat kan kontemporêre predikers, wat self binne ’n snel veranderende post-moderne samelewing moet preek, uit hierdie preke leer?

In die tweede en derde hoofstuk van die boek stel die skrywer ondersoek in na die breër sosiale konteks waarbinne die predikers gearbei het. Die tweede hoofstuk fokus op die evangelies-gereformeerde gemeentelike lewe in Wuppertal en omliggende gebiede. Die skrywer kom tot die gevolgtrekking dat die gemeentelike lewe ’n sterk piëtistiese inslag vertoon het. Baie klem is gelê op vroomheid, sondebesef en die sentrale belang van die soendood van Christus. Bekering is gesien as ’n gawe van God. Min klem is egter gelê op die roeping van die gelowige in die wêreld. Predikante was hoog in aansien, en die gemeentelike lewe was

besonder aktief. In die derde hoofstuk beskryf die skrywer die Wuppertalse samelewing van die negentiende eeu. Aan die begin van die negentiende eeu was die samelewing hoofsaaklik op landbou aangewese. Wuppertal het egter in die middel van die negentiende eeu ’n sleutelrol begin speel in die industrialisering van Duitsland. Tussen 1840 en 1875 het ’n industriële rewolusie in Wuppertal plaasgevind wat gelei het tot die vestiging van ’n kapitalistiese ekonomiese stelsel en die ontstaan van nuwe sosiale vraagstukke soos armoede en kinderarbeid. Die snel veranderende samelewing het groot uitdagings aan kerke gestel. Sake is verder bemoeilik deur die Duitse staat wat ’n wetlike houvas op kerke probeer kry het deur ’n nuwe kerkorde op kerke af te dwing.

In die vierde hoofstuk hanteer die skrywer die historiese oorsprong van die Wuppertalse herlewingsbeweging. Die beweging het ontstaan uit die piëtistiese tradisie wat na vernuwing in die kerklike lewe gesoek het. Baie klem is gelê op vroomheid, Christelike deugde en die ervaring van God. Die piëtisme is sterk beïnvloed deur die heiligheidsideale en wettiese asketisme van die Engelse Puritanisme. In Wuppertal is hierdie ideale van die piëtistiese tradisie gekombineer met ’n reformatoriese belydenis waarin die Woord van God sentraal gestaan het.

Die vyfde hoofstuk handel oor die kenmerke van die Wuppertalse herlewingsbeweging en die plek wat prediking in die beweging beklee het. Die Wuppertalse herlewing het in 1816 in Eberfeld onder jongmense ontstaan in reaksie teen kerklike formalisme. Die grondmotief van die herlewingsprediking was die oproep tot ’n verandering in die verhouding tot God en medemens. Herlewingsprediking het veral gefokus op die hart en gewete as die adres van die Woord van God. Mense is deur die prediking opgeroep tot bekering, die persoonlike ervaring van God en ’n verantwoordelike geloof. Die Romantiek het terselftertyd die vorm en spraak van die herlewingsbeweging sterk beïnvloed.

In hoofstukke 6, 7 en 8 behandel die skrywer die persoonlike geskiedenis van Krummacher, Kohlbrugge en Geyser. Hy toon aan hoe die predikers se persoonlike geskiedenis, opleiding en eienskappe hulle prediking beïnvloed het. Al drie predikers het in hulle prediking teruggekeer na die sentrale waarhede van die Reformasie. Hulle het geen nuwe teologie probeer ontwerp nie, maar het eerder gepoog om lidmate se persoonlike lewens te verander deur die verkondiging van die Woord.

In hoofstukke 9-11 fokus die skrywer op die preke van die herlewingspredikers. Die herlewingspredikers het die Woord as die openbaring van God beskou en die aksente van die Reformasie beklemtoon, in teenstelling met die psigologiese prediking van die nadere Reformasie en piëtisme. Klem is gelê op ’n grondige eksegese en ’n bestudering van die oorspronklike Griekse en Hebreeuse teks, terwyl die inhoud van die preekteks die tema van die prediking bepaal het. Die herlewingspredikers se preke is deur ’n lewendige oordrag, aktuele toepassing en sterk appèl gekenmerk en het nooit in argaïese dogmatisme verval nie. Christus het in die sentrum van die prediking gestaan, terwyl baie aandag gegee is aan die vrye genade van God en regverdiging deur die geloof alleen. Die heiligmaking en wedergeboorte is telkens verstaan vanuit die perspektief van die genade as ’n geskenk van God aan die mens. Die Ou-Testamentiese teks is as gelykwaardig aan die Nuwe-Testamentiese teks beskou, en is heilshistories verstaan in die lig van die koms van Christus. Min aandag is egter gegee aan die historiese konteks van Ou-Testamentiese uitsprake. Kennis van die wet is gesien as ’n belangrike voorwaarde vir ’n korrekte verstaan van die evangelie. God se genade kan volgens die herlewingspredikers nie verstaan word sonder ’n verstaan van die omvang van sonde in die mens se lewe nie. Hoewel die herlewingspredikers baie klem geplaas het op die innerlike toe-eiening en aanvaarding van die evangelie, is min klem geplaas op die roeping van die Christen in die wêreld en die politiek. Die wêreld is eerder gesien as sinoniem met die natuurlike, sondige toestand van die mens. Tog is baie klem geplaas op die roeping tot sending. Die taal van die herlewingspredikers is gevorm deur die Duits van die Lutherse Bybel, en was ietwat vreemd aan die alledaagse Duits wat in dié tyd gepraat is. Nogtans was die preke se inhoud duidelik en verstaanbaar.

In die finale hoofstuk hanteer die skrywer die vraag: Wat kan moderne predikers wat die Woord in ’n postmoderne wêreld moet preek, leer uit die herlewingspredikers se benadering tot prediking. Sy konklusie is dat die herlewingspredikers belangrike riglyne kan bied vir prediking in ’n postmoderne tyd, en wel ten opsigte van die volgende aspekte: die wet is as kenbron van die mens se sonde gepreek, en daar is gepoog om by lidmate ’n besef van sonde te probeer skep; die preke was nie leerredes nie, maar ’n proklamasie van God se wil; die Woord is as betroubare Woord van God verkondig; bekering is verkondig sonder om by mense vrees te skep; die eksistensiële situasie van lidmate is hanteer, en die prediking het ’n Christologiese en pneumatologiese grondslag bevat.

*Ontwaakt gij die slaapt* lewer 'n belangrike bydrae tot die vakgebiede van kerkgeskiedenis en homiletiek. Die probeemstelling wat aan die orde gestel word is besonders aktueel. Hoe moet die Woord binne 'n postmoderne konteks gepreek word? Wat kan ons leer uit die bydrae van die herlewingspredikers? Hoewel die skrywer geen finale antwoorde op hierdie moeilike vraagstuk gee nie, gee hy tog belangrike riglyne. Enersyds moet die Woord, selfs binne 'n postmoderne konteks, konstant as die openbaring van God gepreek word. Prediking wat die goddelike inspirasie van die Woord bevraagteken, dra geen gesag nie. Andersyds moet prediking nie in dogmatisme verval nie, maar handel oor die eksistensiële lewensituasie van hoorders. Inhoudelike diepgang is belangrik, maar dit moet ook oorgaan tot 'n appèl op die hoorders. Gereformeerde prediking skiet dikwels hierin tekort.

Nie net het die boek 'n aktuele tema nie, maar die historiese navorsing in die boek is deeglik en met groot omsigtigheid gedoen. Die skrywer gebruik deurgaans primêre bronne vir sy studie en beoordeel die persoonlike bydraes van die herlewingspredikers binne die historiese, sosiale en godsdienstige konteks van die tyd. Die vergelykings wat die skrywer tref tussen die herlewingspredikers se prediking en die prediking van die reformatore en piëtiste is besonder, waardevolle, historiese navorsing. Die skrywer se beoordeling van die herlewingspredikers se bydraes is deurgaans krities, maar gebalanseerd.

*Ontwaakt gij die slaapt* kan met vrymoedigheid aanbeveel word vir geskiedkundiges, teoloë, predikante en studente.

# Fokusresensies

**König, Adrio.** 2006. **Die groot geloofswoordeboek.**
Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
520 p. Prys: R149,95. ISBN: 1-77000-268-5.

**Resensent:** P.P. Kruger
Departement Sistematiese Teologie,
Mukhanyo Teologiese Kollege

In hierdie publikasie bied die bekende en invloedryke teoloog en passievolle pastor, Adrio König, weer ’n ryp en ryk pennevrug aan. In die Afrikaanse kerklike wêreld het sy vernuwende werke inderdaad lankal ’n besondere plek verkry. Tog sou ’n mens kon sê dat hierdie publikasie nog weer iets anders as sy vorige werke, selfs iets soos ’n nuwe *genre* in ons kerklik-teologiese literatuur, verteenwoordig. König wil in hierdie boek op die vlak van lidmate skryf “wat gou wil weet hoe die Drie-eenheid werk, wat die doop met die Gees is en wat daar oor die Wegraping in die Bybel staan”. Daarom is die boek baie lesersvriendelik afgerond met ’n alfabetiese inhoudsopgawe van die behandelde “geloofswoorde”, wat terselftertyd ook talle kruisverwysings bevat. Alles dui by vernuwing op die skrywer se ernstige – en navolgenswaardige! – strewe om teologiese navorsing so wyd as moontlik vir eietydse, *gewone* gelowiges toeganklik en diensbaar te maak. In die gees van die outeur, kan ’n mens sê: “die geloof is te belangrik om die nadenke daaroor aan teoloë oor te laat!”

Meer as 550 kernwoorde word hier behandel. Tussen wyduiteenlopende onderwerpe waaroor talle – soms skerp botsende – standpunte bestaan, soek die skrywer behoedsaam sy eie pad. Vanselfsprekend is sy keuse van onderwerpe, enersyds beïnvloed deur sy Afrikaanse teikengroep, en andersyds deur sy eie belangstelling. Ten spyte daarvan kan ’n mens werklik hier praat van ’n goed-gebalanseerde, verteenwoordigende “woordeboek” van geloofsuitdrukkings. Dit kan net ’n groot aanwins in enige Christen se huis wees. Veral predikante behoort hierdie boek te lees en te bestudeer, byvoorbeeld oor die posisie van die vrou in die besondere ampte en die artikel oor die “onderdanigheid” van die vrou en die man se “hoofskap” p. 339-346.

Die skrywer probeer elke standpunt tot op die moontlike Bybelse gehalte daarvan aftas. ’n Goeie voorbeeld hiervan is sy behandeling van die woord *universalisme*. Dit is asof die skrywer in die skoene van universaliste gaan staan en die sterk punte van hulle siening beklemtoon. “Dit is nie swak, willekeurige argumente wat ten gunste van universalisme op tafel gesit word nie”, erken hy, terwyl hy hulle Skrifberoep noukeurig weeg. Tog wys hy hierdie beskouing af, omdat dit nie ooreenstem met “wat ons elders in die Bybel veelvuldig kry nie”.

Hier en daar gaan die skrywer minder genuanseerd met afwykende beskouings om. ’n Voorbeeld hiervan is die behandeling van die kernwoord *postmodernisme*. Die verskillende skakerings wat gedurende die afgelope jare in die postmodernisme of laatmodernisme na vore gekom het, word buite beskouing gelaat en slegs die aspek van relatiwisme oor die waarheid word genoem. Op grond daarvan word die postmodernisme as geheel summier afgewys. Daar kan egter legitieme redes aangevoer word oor “why evangelicals should embrace postmodernism” (vgl. Raschke, C. 2004. *The next reformation.* Grand Rapids: Baker, p. 9, 20-22). ’n Bietjie meer openheid vir so ’n moontlikheid sou na my mening die aktualiteit van hierdie publikasie verhoog het.

Die artikel oor die skrywer se bekende “eskatologiese” voorsienigheidsleer, is besonder insiggewend en behoort wyd gelees te word. ’n Mens sou weliswaar met hom kon verskil oor sy interpretasie van Calvyn se standpunt, as dat God “elke sonde wat ooit gepleeg word, onveranderlik voorbeskik het” (p. 480). Persoonlik sou ek my meer kan vind in Berkouwer se verstaan van Calvyn. In verband met Calvyn se uitsprake oor die voorsienigheid, laat Berkouwer die klem val op die onvergelyklike en ondeurgrondelike van God se almag – ’n almag wat die menslike vryheid en verantwoordelikheid in sigself omsluit, sonder om dit op te hef. Besonder ernstig moet dit egter opgeneem word, wanneer König op goeie gronde die ontoereikende van Calvyn se Skrifberoep ten opsigte van die voorsienigheidsleer aantoon. König sal seker die eerste wees om te erken dat sy voorstel vir ’n voorsienigheidsleer wat meer aansluit by die kerkvader Irenaeus as by Calvyn, nog talle leemtes het. Hy beklemtoon dat God nog in ’n stryd verkeer teen die bose magte, asook nog stry om die harte van mense te wen. Verder sou God se almag beteken dat Hy *uiteindelik* sy doel sal bereik – maar nou nog nie alles onder sy beheer het nie. Tog mis ’n mens ’n nadruk (soos, onder andere, by Moltmann) op die wyse waarop God sy almagtige krag nóú reeds juis *in swakheid* volbring – die Lam wat

staan asof geslag, ís waardig! Nietemin, König dwing 'n mens om die *sola Scriptura* ernstig op te neem. Die laaste woord oor sy voorstel vir 'n ander voorsienigheidsleer is sekerlik nog nie gespreek nie. Aan die hand van hierdie uitdagende boek behoort die gesprek, ook oor die tradisionele standpunt, verder voort te gaan!

**Thielicke, Helmut.** 2006. **God se prenteboek.** Wellington: Lux Verbi.BM. 198 p. Prys: R99,95. ISBN: 0 7963 0428 9.

**Resensent:** L. Floor
Emeritus: Departement Ou & Nuwe Testament, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Daar het in die loop van jare baie boeke oor die gelykenisse van Jesus verskyn. Die bekende Lutherse teoloog, Helmut Thielicke, het 'n nuwe boek oor dieselfde onderwerp toegevoeg. Sy verklaring van Jesus se gelykenisse verskil nie van die ander boeke nie, maar tog is dit merkwaardig dat Thielicke se boek 'n *best seller* geword het. Sy boek is in baie tale vertaal.

*God se prenteboek* is die vrug van 'n reeks preke oor Jesus se gelykenisse wat kort na die Tweede Wêreldoorlog in 'n verwoeste Stuttgart aan ontwrigte gelowiges verkondig is. Thielicke se boek getuig van 'n verrassende oorspronklikheid. Die skrywer sien tereg Jesus se preke in die vorm van verhale, as beeldende verkondiging. Wie 'n verhaal op 'n illustratiewe manier vertel, kan seker wees van 'n aandagtige gehoor. Sowel kinders as ou menses sal die ene ore wees. Die boek gelykenisse van Jesus noem Thielicke *God se prenteboek* (oorpronklik: *Das Bilderbuch Gottes*). Thielicke se boek getuig van 'n verrassende oorspronklikheid. Stof wat oor en oor bekend is, het die outeur op so 'n wyse beskryf dat daar plotseling onverwagte perspektiewe geopen word.

Die skrywer keer hom radikaal teen 'n konvensionele Christendom wat sy roeping nie verstaan nie. Deur die wyse waarop hy skryf kommunikeer hy so met sy lesers dat dit soms voel asof jy jou eie biografie lees.

Deur Thielicke se seldsame meesterskap, betrek hy die moderne mens in 'n meeslepende styl by woorde wat Jesus twintig eeue gelede gespreek het. Telkens klink by die bespreking van Jesus se gelykenisse die oproep om persoonlik 'n geloofstandpunt in te neem. Dit maak hierdie boek uitermate aktueel. Dit klink asof *God*

*se prenteboek* vir ons vandag in ons situasie geskryf is. Predikante, maar ook Bybelstudiegroepe, sal met groot wins van hierdie boek gebruik kan maak deur die wyse waarop daar in jou eie taal die beelde uit God se prenteboek te voorskyn geroep word. Ook vir persoonlike Bybelstudie sal die gelowige leser baie uit die boek kan put.

Die belangrikste is dat Thielicke se verklaring van Jesus se verhale ’n mens bring tot verwondering, nie verwondering omdat dinge so mooi, so treffend, so kernagtig geformuleer is nie, maar verwondering oor wat Jesus in sy gelykenisse van Homself vertel. Die Christusverkondiging is op die ou einde die sentale gegewe in hierdie boek. Dit maak Thielicke se boek van uitmuntende gehalte.

Die uitgewer verdien ’n kompliment. Die vertaling van Thielicke se boek word besonderlik treffend aangebied.

**Vosloo, W.** 2006. **Die boek Hosea.** Wellington: NG Kerk Uitgewers. 48 p. Prys: Onbekend. ISBN: 0 86991 622 X. (Skrifuitleg vir Bybelstudent en Gemeente.)

**Resensent:** S.D. Snyman
Departement Ou Testament, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein

Hosea is ’n fassinerende boek in die *Corpus Propheticum*. Die vreemde opdrag van die Here aan sy profeet om met ’n vrou vanuit ’n bedenklike agtergrond in die huwelik te tree, bly steeds ’n enigma. Wil Vosloo het hom vir jare besig gehou met die bestudering van die boek Hosea. In hierdie beknopte uitleg van slegs 48 bladsye word die vrug van die jarelange besigwees met Hosea met lesers gedeel. Dit is duidelik dat die outeur goed bekend is met die historiese agtergrond waarteen die boek verstaan moet word. Die godsdienstige ontwikkelings en politieke agtergrond van die boek word kortliks geskets. Die outeur se vertroudheid met die Hebreeuse teks van die boek is ook eweneens duidelik uit die verwysings na die Hebreeuse teks en alternatiewe vertalings wat aangebied word. Die styl wat die boek volg is ’n informele gesprekstyl wat die outeur met die lesers voer. Die gevolg hiervan is dat die boek maklik lees. Perikoop vir perikoop word die boek uitgelê, soms met verduidelikende notas in inligtingsblokkies. Sentrale temas wat die outeur in die boek identifiseer, is die Here se verbond met sy volk uitgedruk as ’n huweliksverhouding, die ontrouheid van die volk en

die liefde van die Here vir sy ontroue volk. Hierdie boek verskaf ’n oorsigtelike beeld van die inhoud van die boek Hosea en kan met vrug gebruik word deur Bybelstudiegroepe.

In die voorwoord wys die redakteurs van die reeks daarop dat die kommentare wat in die reeks gepubliseer word, nou elektronies gepubliseer word, met die moontlikheid van druk-op-aanvraag kopieë wat gelewer kan word. Die reeks sal ook op die elektroniese Bybelbiblioteek van Lux Verbi.BM gelaai word om uiteindelik ook as ’n elektroniese biblioteek op ’n webwerf beskikbaar te wees.

**Pienaar, D.N.** 2006. **Josua.** Wellington: NG Kerk Uitgewers. 80 p.
Prys: Onbekend. ISBN: 0 86991 1623 8.
(Skrifuitleg vir Bybelstudent en Gemeente.)

**Resensent:** William Vosloo
Emeritusprofessor in Ou Testament,
Universiteit van Pretoria

In die eerste deel van dié publikasie konsentreer die outeur op Josua as opvolger van Moses. Daarom vermeld hy verskillende gebeurtenisse wat bevestig dat Josua inderdaad ’n waardige opvolger was en dieselfde dade as Moses kon verrig. Die belangrikste taak van Josua was om toe te sien dat die verskillende stamme hulle regmatige deel van die land ontvang.

Die beskrywing van die intog en die vestiging in Kanaän bevat egter ernstige probleme. Hoe verklaar ’n mens byvoorbeeld die groot aantal krygers tydens die verowering van Ai, Bet-El en Jerigo, asook baie ander veldslae? Dit bring mee dat daar verskeie gevalle is waar dit, gemeet aan ander vertellings, nie histories juis kan wees nie. Die outeur doen moeite om hierdie probleme te bespreek en te verduidelik. Boonop is daar verskeie ooreenkomste met die boek Deuteronomium. Die outeur se kennis van die argeologie stel hom egter in staat om verskeie Bybelse weergawes krities te beoordeel.

Daar is verskeie pogings aangewend om die intog te verklaar. Die outeur bespreek vier verskillende modelle:

- *Die invalsmodel* waarvolgens die twaalf stamme teen die einde van die dertiende eeu v.C. Kanaän binnegeval en net in sekere streke die oorhand gekry het. Jerigo was byvoorbeeld ’n nedersetting sonder mure.

- *Die immigrasiemodel* – hiervolgens het Israelitiese stamme tydens die patriargale tydperk deur middel van immigrasie Kanaän vreedsaam binnegetrek. Dit het tot die tyd van Dawid geduur. Die vertelling van Josua se konflikte in Kanaän was ŉ blote propaganda-instrument teen sinkretistiese tendense in die monargie.
- *Die opstandsmodel* stel dat ŉ aantal Kanaänitiese inboorlinge wat teen politieke leiers in opstand gekom het, aangesluit het by ŉ groep wat uit die Transjordaan saamgesnoer was. Dit verklaar die verwoesting van bepaalde plekke in Kanaän en dui op die groep onder leiding van Josua.
- Die model oor die *besetting van die land* toon aan dat onder leiding van Josua ŉ groep Israeliete die land binnegetrek en dele verower het. Ander groepe het ook by die Israeliete aangesluit.

Die res van die boek is ŉ verklaring van die boek Josua. Dit beskryf die tog deur die Jordaan, die besnydenis van alle manlike persone, die viering van paasfees, die rol van Levitiese priesters, die gevegte met die inwoners van die land, die hantering van teenstand in eie geledere, die verdeling van die land, die byeenkoms by Sigem, en die dood van Josua.

Soms word daar te veel Skrifverwysings opgeneem met die gevolg dat die leeswerk lastig word. Daar is ook ŉ aantal sinne wat moeilik lees en baie eenvoudiger geformuleer kon word.

Daar bestaan groot verskille oor die interpretasie van argeologiese bevindings van ou-Israel. Die outeur is daarvan oortuig dat verskeie stede nie in die tyd van die intog van Israel verwoes is nie. Hy sê: "Die vakkundige wat dit wil gebruik om byvoorbeeld die Bybel as *waar* te bewys, is besig om argeologie ŉ onmoontlike taak op te lê." Hy verwys na stede soos Hasor, Bet-El, Lakis, Megido, Jerigo en Ai wat volgens argeologiese ondersoeke toon dat dit vóór die koms van die Israeliete al verwoes was. Latere geslagte het mettertyd die jongste weergawe mondelings oorvertel en op skrif gestel, maar op só ŉ manier dat God daardeur verheerlik word. ŉ Goeie voorbeeld is die laaste paragraaf op bladsy 26: "Wat verder hier verreken word, is dat ons hier nie soseer met ŉ verhaal te doen het wat wil vertel wat en hoe dit werklik gebeur het nie, maar eerder ŉ verhaal wat die Here van Israel verheerlik omdat Hy groot en goed is en die land aan hulle gegee het en op so ŉ wonderbaarlike manier die land aan Israel gee."

In die res van die boek beskryf die outeur die verskillende gebeurtenisse asof dit presies so plaasgevind het. Dit kan oningeligte lesers verwar. Ek sou eerder wou sien dat elke vertelling gepaard gaan met die verduideliking van die betrokke episode. Dit wil sê, die argeologiese ontdekkinge behoort ook in ag geneem te word vir die verstaan van die wording van die boek Josua. Indien dit goed verduidelik word, kan dit lei tot ŉ verryking van die verstaan van die Bybelse boodskap. Daar moet dus onderskei word tussen dit wat in die boek Josua beskryf word en dit wat argeologiese resultate oplewer. Per slot van sake het die boek Josua eers baie later ontstaan. Die "boodskap" aan die einde van ŉ aantal episodes is nie genoegsaam om oorlewering en argeologiese bevindings met mekaar te versoen nie.

Die boek kan van waarde wees vir lesers wat meer van die boek Josua te wete wil kom. Dit is ŉ boek wat heelwat probleme en vrae oplewer, met name die skynbare kontras tussen wat in die teks staan en wat die argeologiese resultate oplewer. Die kommentaar verskaf antwoorde op verskeie veldslae en die verdeling van die land. Dit kan vir ernstige Bybellesers, veral ook vir studente, van groot waarde wees.

**Thielicke, Helmut.** 2006. **Die gebed wat die wêreld omspan.**
Wellington: Lux Verbi.BM. 178 p. Prys: R95,95. ISBN: 07963 0459 9.

**Resensent:** B.J. de Klerk
Skool vir Kerkwetenskappe, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

Nog ʼn bewys dat die *Ons Vader*-gebed geweldige krag het, kan ontdek word in die boek van Helmut Thielicke. Hierdie wêreldberoemde Protestantse teoloog het elf preke oor die gebed wat die Here Jesus aan sy volgelinge gegee het, gelewer – in die donkerste oomblikke van die Tweede Wêreldoorlog. Sy tuisstad, Stuttgart, is herhaaldelik deur bomme getref terwyl hy hierdie reeks preke gelewer het. Die kerkgebou waar hy gepreek het, is stuk vir stuk weggeskiet en uiteindelik moes hy die laaste klompie preke in ʼn ander gebou lewer, omdat die Hospitaalkerk geheel en al deur bomme vernietig is. Thielicke het met hierdie reeks volhard en aangrypende toepassings gemaak op mense wat trauma beleef het. Dit is steeds aktueel vir gelowiges wat deur persoonlike- of geweldstrauma moet werk. Hy het destyds hiermee sy gemeente in

die mees beangste omstandighede en nood gehelp om voort te gaan met hulle lewe. Die boek het vandag nog dieselfde uitwerking.

Die boek bestaan uit elf hoofstukke wat die aanhef en lofprysing aan die slot van die *Ons Vader*, sowel as die ses bedes, insluit. Die skrywer delf baie diep in die betekenis van elke aspek van die gebed en verryk sy verklaring met ter saaklike verwysings na ander gedeeltes van die Bybel. Hy dui aan dat ons nie die wonderlike woorde *Ons Vader* kan gebruik sonder om aan die Seun te dink nie. Vir hulle wat in die lewe en sterwe van Jesus eenmaal die Vader gesien het en Hom nooit meer kan vergeet nie, is dit die waarborg dat daar midde-in hierdie harde en skynbaar vaderlose wêreld ’n Vader is wat Hom oor sy kinders ontferm (p. 29). Thielicke stel die geweldige feit dat wanneer mense ophou bid, dit wil sê, ophou om *met* God te praat, dan praat hulle slegs *oor* God. Dan bespreek hulle Hom maar net, dan voer hulle diskussie oor die vraagstuk van God. En hoe meer ’n mens oor God praat, hoe meer word die verbindingsdraad en lewensbrug na Hom toe afgebreek, al klink hierdie gesprekke vroom en ernstig. As mense gemeenskap met God verloor, verloor hulle ook die eensgesindheid onder mekaar (p. 43).

Die preek oor “Laat U koninkryk kom”, moes in die koorvleuel van die Hospitaalkerk gelewer word, omdat die kerk self kort tevore tydens ’n lugaanval tot ’n bouval vernietig is. Ook die middestad van Stuttgart was toe al totaal vernietig. In hierdie aangrypende preek dui Thielicke aan dat die Koninkryk van God daar is waar Jesus Christus is. Die heerskappy van God verskyn juis daar waar lamheid, blindheid, melaatsheid en die dood is. God bou sy koninkryk in die verborgenheid. Dit is soos by die oprigting van ’n brug, wat onder steiers en agter houtafskortings gebou word, sodat ’n mens die bouwerk self nie sien nie. Op ’n dag word die steiers weggeneem en die bouwerk staan voor ons verwonderde en beskamende oë (p. 71). Die gebed van die Here sluit groot en klein dinge, geestelik en materieel in. Dit omspan die hele wêreld se nood. Dit kan gebid word deur ’n klein kindjie wat ’n toebroodjie vra en terselfdertyd deur mense wat hartstogtelik verlang na die koninkryk wat kom en wat die reddelose wêreldtoestand sal beëindig (p. 85).

Die skrywer dui aan dat die evangelie in die algemeen onder “skuld” (by die bede om vergewing) nie soseer die daadwerklike oortreding van die gebooie in die eerste plek verstaan nie, maar veel meer iets wat ons skuldig gebly het, wat ons versuim of nagelaat het (Matt. 18:24; Luk. 16:5). Hy verwys in hierdie verband na Matteus 25 waar Jesus in sy profetiese rede sê: Ek was honger, ensovoorts en julle

het nagelaat, skuldig gebly om iets daaraan te doen (p. 102). Die eintlike inhoud van elke versoeking is daarop ingestel om jou van God te laat losruk. Dit gaan daarom dat ons deur die groot en klein gebeurtenisse van die lewe, deur klein liefhebberye en deur groot hartstogte daartoe gebring word om ons verbinding met die Vader te verloor (p. 135). Daarom is hierdie bede ’n noodkreet van elke ernstige gelowige.

Thielicke bring die verrassende perspektief oor die lofprysing aan die einde van die *Ons Vader*. Hy sê:

> Om God te loof beteken om dinge uit die oogpunt van die einde te sien. ’n Mens moet God eers loof om te kan sien wat Hy tot stand bring. Daarom moet ons Hom juis loof in die oomblikke van ons lewe wanneer ons gee uitweg en geen raad het nie. Dan leer ons ook die uitweg van ons vasgeloopte lewe, eenvoudig omdat God aan die einde van alle weë en doodloopstrate staan (p. 177).

Hierdie boek kan aanbeveel word vir predikante as ’n addisionele naslaanbron vir preke oor die teks van die *Ons Vader*. Lidmate wat met groter intensiteit hierdie gebed wat Christus ons geleer het, wil bid, moet die inhoud van die boek lees en herlees.

**Conradie, Ernst.** 2006. **Waar op dees aarde vind mens God? Op soek na ’n aardse spiritualiteit.** Wellington: Lux Verbi.BM. 271 p. Prys: R109,95. ISBN: 0 7963 0432 7.

**Resensent:** F.W. de Wet
Praktiese Teologie, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

In *Waar op dees aarde vind mens God*? is die skrywer, Ernst Conradie, op soek na ’n aardse spiritualiteit. Hy toon aan hoe daar ’n paradoks opgesluit is in die konsep van aardse spiritualiteit. Dit word aan die een kant gebore uit die oortuiging dat ons net op grond van dit waarmee ons vertroud is (dit wat gewoon, alledaags, konkreet, aards is) op die spoor kan kom van dit wat groter as onsself is. Deur te fokus op dit waarmee jy vertroud is, kan ’n verrassende diepte-dimensie raakgesien word. Aan die ander kant word ’n aardse spiritualiteit gebore uit die oortuiging dat ons die aarde eers na waarde kan skat wanneer ons op die spoor kom van dit wat die aarde te bowe gaan. Aardse spiritualiteit is soeke na

balans, sodat God aan een kant en die wêreld aan die ander kant nie in ’n denkraamwerk vasgevang raak waarin die een ten koste van die ander beklemtoon word nie.

In sy soeke beklemtoon Conradie dat nie enige vorm van aardse spiritualiteit noodwendig toereikend is nie. Hy wys byvoorbeeld op ’n opvatting dat tradisionele, inheemse kulture in volkome harmonie met hulle omgewing gewoon het. Dit is egter ’n geromantiseerde weergawe van die geskiedenis. Kulture vir wie die natuur heilig was, het deur die eeue, desnieteenstaande, hulle eie omgewing besoedel en verreikende ekologiese skade daaraan berokken. In die soeke na ’n toepaslike en toereikende aardse spiritualiteit, is ’n selfkritiese benadering nodig. Daarom verkies die skrywer om ’n langer roete te volg op soek na ’n toereikende aardse spiritualiteit.

In die selfkritiese benadering van die skrywer word institusionele, morele, kulturele, ideologiese, sosiale, politiese, intellektuele en godsdienstige uitdagings gestel aan huidige uitdrukkingsvorme van spiritualiteit. Op ’n selfkritiese wyse word byvoorbeeld verwys na die manier waarop Christene in die verlede al te dikwels aandadig was aan geweld, soos dit tot uitdrukking gekom het in kruistogte, heksejagte, imperialisme, uitwissing van inheemse bevolkings, ekonomiese uitbuiting en ’n gees van onverdraagsaamheid teenoor ander kulture. Hierdie praktyke kon die indruk skep dat die Christendom onversoenbaar is met die plek van die mens binne in die natuur. As verdere voorbeeld van die uitdagings wat gestel word in die soeke na ’n toereikende spiritualiteit, kan verwys word na die kritiese vrae wat vanuit die Modernisme gestel word: Bestaan daar werklik ’n God, of is Hy ’n denkkonstruksie van die mens? Is die Bybelse weergawe(s) van die ontstaan van die wêreld bloot mitologies van aard? Waar is die hemel? Sorg God vir ons of moet ons liewer self verantwoordelikheid neem vir wat met ons gebeur?

Die skrywer stel vervolgens uitgangspunte wat as vertrekpunte en ’n interpretasienetwerk kan dien in die soeke na ’n toereikende aardse spiritualiteit. Conradie sluit aan by die kenmerke wat deur die godsdienswetenskaplike, Ninian Smart, geïdentifiseer word vir die wesenlike uitdrukkingsvorme van godsdiens: godsdiens bied ’n institusionele tuiste; bied ’n bepaalde etos (in die konteks van ’n verbruikerskultuur, kan deugde soos soberheid, matigheid, selfbeheersing en eenvoud belangrik wees); werk met rituele (aanbidding, meditasie, heiligingsprosedures, wegwysers vir innerlike genesing); skakel die transendente by die ervaringswêreld in; maak gebruik van verhale (vrae soos: “Waar kom alles vandaan?”, “Wat moet ek doen?” en “Waarheen is alles op pad?”

word in godsdienste deur narratiewe verhale beantwoord) en openbaar ’n lerende dimensie (leerstellings is saamgestelde narratiewe, wat spruit uit ’n poging om die les van ’n storie vir jouself en jou tyd te verduidelik). Nie een van hierdie ses universele dimensies wat wêreldwyd in godsdienste manifesteer, is op sigself genoegsaam vir die skrywer se soeke na ’n toereikende aardse spiritualiteit nie. Dit is eerder belangrik om die betekenis van die Christelike evangelie opnuut te ontdek en op grond daarvan ’n bydrae in die samelewing te maak.

In die soeke na ’n godsdienstige dimensie in ’n aardse spiritualiteit, wys die skrywer hoe godsdiens help om die groot vrae van die lewe te antwoord; word die manier waarop ’n wêreldbeskouing gevorm word bespreek; en modelle vir transendensie in oënskou geneem. Die skrywer vind veral aansluiting by die dimensionele model om die transendente op ’n toereikende wyse te integreer met die aardse. Volgens die dimensionele model beteken ewigheid nie noodwendig die uitwissing van tyd en ruimte nie. Dit wat aards, liggaamlik en materieel is, word nie ontken of vermy nie. Dit word in iets groters opgeneem waarin dit tot eie reg kan kom. Die begrip *deursigtigheid* (*transparency*) word gebruik om weg te kom uit die valse dilemma tussen transendensie en immanensie. As ’n waarnemer lank genoeg op iets konsentreer, word dit naderhand deursigtig. ’n Diepte-dimensie word daarin waargeneem, wat die eie verwysings-raamwerk te bowe gaan. Die grootste misterie lê dalk in die wonder van dit wat sigbaar, hoorbaar, tasbaar, ruikbaar en proebaar is, en nie in iets wat ons veronderstel is om buite ons situasie te ervaar nie. Die soeke na ’n aardse spiritualiteit veronderstel, volgens Conradie, dat ons toegang tot spiritualiteit slegs moontlik is in en deur dít wat aards en konkreet is. Dit is egter ook ’n soeke om die aardse te leer waardeer – bes moontlik vir die eerste keer.

Uiteindelik kom Conradie tot die gevolgtrekking dat ’n soeke na aardse spiritualiteit eerder ’n kwessie is om deur God gevind te word. Ons hoef God nêrens op hierdie aarde te soek nie. Hy het ons reeds kom soek in Christus. God is volgens hierdie benadering meer as ’n blote sosiale konstruksie. Christene glo dat dit nie God is wat deur ons uitgevind of ontdek is nie, maar God wat ons (uit)gevind en ontdek het. Twee sleutelvrae word gevra: “Wat doen God? en Wie is God?

In antwoord op die vraag oor wat God doen, word temas van die skepping, verlossing en voleindiging vanuit die mens se ervaring in sy konkrete werklikheid aangesny. Die manier waarop die metafore van verlossing (kruis en opstanding uit die dood) en simbole van die

voleindiging (wederkoms, eindoordeel, die nuwe hemel en aarde) in ’n moderne tydsgees problematies geraak het, word bespreek. Die gedagte dat God in sy eer gekrenk is weens ons sonde (onderliggend aan die gedagte van versoening met die kruis as simbool), kan in die eietydse denkklimaat al te veel klink na ’n Middeleeuse landheer wat te fyngevoelig is eerder as ’n liefdevolle ouer wat bereid is om die nonsens van ’n opstandige kind te vergewe. Ook die metafoor van *opstanding* kan problematies wees. Is daar in die opstanding sprake van ’n lyk wat lewendig geword het? Wat *voleindiging* aanbetref, word gevra of daar regtig verwag kan word dat Jesus op die wolke sal terugkeer. Hoe sal daar plek wees op die nuwe aarde vir al die miljoene mense en diere wat in die geskiedenis op aarde geleef het? Hierdie vrae het gelei tot ’n manier van praat, waarin die fokus eerder val op die lewe en werk van Jesus van Nasaret, as op die kruis en opstanding. Die bediening van Jesus van Nasaret is volgens Conradie miskien vanuit ’n Christelike oogpunt die mees vanselfsprekende aanknopingspunt vir die soeke na ’n aardse spiritualiteit. Daar in die midde van die wêreld, in die midde van die geskiedenis kom ons op die spoor van dít wat ons verstand te bowe gaan. Dit bly egter vir Conradie ’n vraag of ’n inspirerende voorbeeld genoeg is om ons uit die moeilikheid te red. Is die moeilikheid waarin ons beland het nie veel dieper as dit nie? Wat die problematiek ten opsigte van die Christelike simbole van *voleindiging* aanbetref, lê die antwoord volgens Conradie in die grondoortuiging agter die simbole. Die grondoortuiging agter die simbole verwoord ’n hoop dat die gemeenskap met God nie deur die dood ingeperk word nie. Christelike hoop is ’n radikale vertroue dat God getrou sal bly aan die skepping en dit nie vir altyd sal laat vergaan nie. Die inhoud van die Christelike hoop is dat die einde van die geskiedenis van die hele kosmos, van die aarde en van ons eie bestaan in God se hande is. Dit is ’n hoop dat God daar sal wees as die ligte eendag finaal uitgedoof word. Ten beste is dit hierdie hoop wat die dinamo van ’n aardse spiritualiteit vorm.

In sy antwoord op die vraag wie God is, meen Conradie dat die Christelike boodskap eers waardeer kan word as ’n moderne werklikheidsbeskouing ruim genoeg is om ook ’n oop plek vir die transendente te hê. Op soek na getuienis oor wie God is, begin Conradie by die voetspore wat die Gees in die konkrete werklikheid laat. Hy gaan op ’n ervaringsmatige manier om met die vraag oor wie God is. Die vraag is nie soseer of ons spore kan bemerk van ’n merkwaardige krag wat as’t ware van buite af dinge op aarde beïnvloed nie. Die vraag is eerder of ons binne die dinge waarmee

ons vertroud is (binne ons onmiddellike ervaringswêreld) iets van die teenwoordigheid van God se Gees kan bemerk. Die tradisionele dualismes van idee en materie, siel en liggaam, hemel en aarde, maak dit moeilik om die Gees te sien in dit wat aards en materieel is. Dit is in die lewe en bediening van Jesus dat die spore van die Gees se werksaamheid onmiskenbaar dui in die rigting van reg en geregtigheid, ontferming en kennis van God. Die voetspore van die Gees lei na Jesus Christus, waarin ons die duidelikste prentjie kry oor wie God is. Conradie sien (met as vertrekpunt die dimensionele model vir transendensie) in Jesus meer as net die gewone. Die simbole van kruis en opstanding word nie vasgevang deur die probleme wat die moderne mens het met die vraag oor hoe oorwinning oor die kwaad juis deur kruisiging behaal kan word en die vraag oor die letterlikheid van die opstanding nie. Binne ’n dimensionele model van transendensie, is dit wel moontlik dat dít wat op aarde binne tyd en ruimte onmoontlik lyk, binne ’n ander dimensie getransformeer word. Die vraag bly egter vir Conradie of daar in die ervaringswêreld van mens tekens is wat ons sal help glo dat die oorwinning oor die magte van kwaad, pyn, lyding en dood, wel hiermee behaal is. Hierdie vrae is van sleutelbelang in die eietydse soeke na ’n toereikende aardse spiritualiteit wat vanuit ’n ekologiese bewuswording gebore is. Sal die ekologiese probleme wat ons omring uiteindelik die laaste woord spreek? Is die mens se bestaan, trouens alle lewe op aarde, gedoem tot ’n vroegtydige en gewelddadige einde? Ten minste is dit duidelik vir Conradie dat die tradisionele verwoording van oortuiging rondom Jesus (sy verheerliking, hemelvaart, regering) iets simboliseer van die diepste oortuiging wat daarin verwoord word, dat die verhaal en werk van die persoon Jesus Christus nie aan die kruis beëindig is nie. Dit is nie afgehandel nie, omdat dit God se eie verhaal is.

Die vraag oor wie God is, word uiteindelik deur Conradie beantwoord deur die stelling, dat God ten diepste ’n misterie is wat aan al ons formulerings ontsnap. ’n Beskrywing van wie God is, kan maklik daartoe lei dat ons ’n greep op God probeer verkry. In die modernisme het die klem geval op denkgrepe (*logoi*) waarin God (*theos*) onder beheer gebring is. In die postmoderne klimaat is dit asof God self die denkgrepe deurbreek. As enige iets gesê wil word oor wie God is, is die laaste woorde die woorde waarin woorde opdroog. Wat wel duidelik is vir Conradie (in die konteks van ’n soeke na aardse spiritualiteit), is dat dit nie net die kerk as gemeenskap van gelowiges is wat uitgenooi word om deel te hê aan die oorvloedige en oorvloeiende gemeenskap tussen die Vader, Seun en Heilige Gees nie. Die hele gemeenskap van lewe op aarde,

die gemeenskap van alles wat is, vorm van die begin af deel van die goddelike gemeenskap, word in Christus met God versoen en word uiteindelik weer opgeneem in die goddelike gemeenskap.

In die slotdeel van sy werk ("Op weg na ’n aardse spiritualiteit") trek Conradie die lyne van sy soeke na aardse spiritualiteit saam. Die klem op ’n eietydse ervaring in ’n soeke na aardse spiritualiteit is vir hom deurslaggewend. Sonder vernuwende ervarings, op ’n wyse wat vir mense saak maak en hulle lewens raak, kan geen godsdienstige tradisie voortbestaan nie. ’n Soeke na spiritualiteit dui op ’n soeke na transendensie, na dít wat groter as onsself is. Dit vind die beste plaas deur te fokus op dit waarmee ons vertroud is – totdat dit die verrassende dieptedimensie na vore bring.

Die ervaring van transendensie sou vervlugtig indien dit nie tot uitdrukking gebring word nie. Ervarings van transendensie bring ’n mens daartoe om daarvan te vertel. Die Christelike tradisie bied ’n interpretasieraamwerk om sin te maak van die ervarings en gevestigde patrone waarvolgens sulke belewenisse tot uitdrukking gebring word. Al hierdie lyne moet saamgetrek word ten einde ’n weg aan te dui wat ’n mens kan bewandel in sy soeke na toereikende aardse spiritualiteit.

Conradie identifiseer ook padtekens waarvoor daar op die uitkyk behoort te wees in die op-weg-wees na ’n aardse spiritualiteit :

- Die soeke na aardse spiritualiteit kom nie in die eerste plek tot uiting in dit wat mooi, goed en opbouend is nie. Dit kom juis tot uitdrukking in die konteks van ervarings van tekortkomings, swaarkry en lyding. In swaarkry word ’n soeke na ’n nuwe visie gebore; ’n visie wat die bestaande te bowe gaan. In die Christelike tradisie word die visie uiteindelik toeskryf aan die werk van die Gees van God – die Een wat lewe gee, wat aan armes in hulle druk laat reg geskied, die Een wat genees en trane afdroog.
- Ervaring van lyding kan ’n mens help om dankbaar te wees vir wat jy het. Dit kan jou help om waardering te kry vir klein dingetjies in die lewe. Dit kan jou help om buitengewoonheid in die gewone raak te sien.
- As jy diep genoeg ondersoek, dan raak dít wat gewoon is eintlik weer buitengewoon. Dit help jou om iets raak te sien wat jy andersins sou mis. Humor skep ’n onderstebo wêreld wat ons opnuut na hierdie wêreld laat kyk, dit laat waardeer en verlang na die heelmaak van dit wat stukkend is.

- Om dit wat ons verstand te bowe gaan te ontdek in die alledaagse, is die daaglikse dinamo van ’n aardse spiritualiteit. Daar is ook ervarings wat minder gewoon is, maar wat ons juis help om wat gewoon is in perspektief te plaas, om dit te leer waardeer. Dit is die sogenaamde grenservaringe van die lewe. Geboorte, puberteit, volwassenheid, huwelik en dood is voorbeelde van grenservarings. Die wonder van die lewe word by die geboorte van ’n kind ervaar. Die basiese besluit oor wat jy met jou lewe wil maak, is ook ’n ingrypende moment. Die dood is die finale grens. Hierdie oomblikke help om die verganklikheid en begrensdheid van die mens raak te sien. Die geskiedenis van die mens is ’n ontdekkingsreis waarin ons soek na die grense van ons bestaan. Dit is eers wanneer ons ons eie grense vir die eerste keer bereik, dat ons die grense raaksien. Dit is eers dan dat ons dít wat binne die grense lê, leer ken en waardeer

Die soeke na ’n aardse spiritualiteit word uiteindelik deur Conradie as ’n lewensreis getipeer – ’n lewensreis wat jou hele lewe lank duur. Om ’n Christen te wees is om ’n storie te vertel, waarin jou eie lewensreis ingebed is. Geen reis is staties nie. Dit vra gewilligheid om aan te pas by veranderende omstandighede. Die reis self is belangriker as die bestemming. Die doel van die reis lê nie in die bestemming nie, maar in die wedervarings langs die pad. Daar is baie merkers en simbole langs die pad wat help om jou ervarings tot uitdrukking te bring. Verlede, hede en toekoms moet met mekaar geïntegreer word in elke voetstap. Die teenwoordigheid van die ewige in die tyd is die geheim van die oomblik. Die uitnodiging om saam met God op reis te gaan, gee aan die oomblik ’n bepaalde gewig, maar ook ’n bepaalde ligtheid, ’n glans. Die lewensreis van ’n soeke na aardse spiritualiteit mond uit in ’n roeping om tuis te kom. Die reis op soek na ’n aardse spiritualiteit speel af binne die spanning tussen die huis van die hede en die tuiste van die toekoms. God nooi ons om tuis te kom in sy huis. Voorbereidings is nodig vir wanneer die hele huishouding sal saamkom in God se teenwoordigheid – met baie vreugde, gelag, musiek en dans. Ons roeping is om die huis skoon te maak, want God se gaste is op pad.

In die geheel gesien is Conradie se soek na ’n toereikende aardse spiritualiteit ’n eerlike, nederige en weldeurdagte poging om die erfenis van die Christelike tradisie relevant te maak en te laat grondvat in die konkrete ervaringswêreld van die moderne/ postmoderne mens. Daar kan egter gevra word of daar nie tog in relativisme verval word, deur van vaste openbaringswaarhede in die Skrif in terme van metafore en simbole te praat nie. Die

werklikheidsgetrouheid en deurbrekende krag van dít wat metafore en simbole genoem word, kan onderdanig gemaak word aan die mate waarin dit verklaar kan word (en aanvaarbaar gemaak kan word?) in die ervaringswêreld van die mens. Verankering van spiritualiteit in aardsheid, kan so vasgevang word in ’n ervaringsmatige soeke van onder na bo, dat teologie primêr opgaan in ’n poging om God af te bring na ons toe, eerder as dat dit werklik Hy is wat ons deur lyding in hierdie gebroke wêreld heen opneem na Hom toe.

**Bothma, Jan.** 2006. **Waar is my geliefde wat gesterf het?**
Wellington: Lux Verbi.BM. 125 p. Prys: R79,95. ISBN: 0-7963-0514-5.

**Resensent:** Marius Nel
Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale,
Potchefstroomkampus, Noord-Wes Universiteit

Ek het dié boek met groot verwagting begin lees, omdat elke pastor voortdurend met treurende mense te doen het en dikwels na woorde soek om die pyn van rousmart ligter te maak. ’n Boek wat gelowiges help om Bybels oor die onderwerp van lewe ná die dood, en lewe ná die wederkoms te dink, sal ook groot nut hê. Ongelukkig was ek teleurgesteld met Jan Bothma se werk. Díe boek bied buiten vir ’n klomp cliché’s, min vir denkende mense wat erns met die Bybel en sy boodskap maak.

Die boek is gerig op mense wat afskeid neem en vrae stel soos: Wat word van my geliefde wat gesterf het? Waar is hy/sy? Wat gebeur tussen dood en wederkoms? En ná die wederkoms?

Reeds in die inleiding begin die skrywer met ’n bespreking van antieke volke se denke hieroor, wat baie kort en uiters onvolledig en sonder om enige bronne aan te haal, weergegee word. Die gevolg is dat slegs ’n skeefgetrekte weergawe van een aspek van die Babiloniese, Persiese en Indiese mites weergegee word. Hoekom word dit hier bespreek as die skrywer mense wil troos?

Hoofstuk 1 voer dié gedagterigting verder: Wat leer Plato, Johannes Calvyn, Paul Althaus, G.C. Berkouer, Oscar Cullmann en Gerardus van der Leeuw oor lewe ná die dood? Watter maatstaf die skrywer gebruik het om denkers te kies, is onduidelik, maar dié groep mense kon haas enige ander Bybelkundige of sistematiese teoloog ingesluit het. Weereens word slegs enkele aspekte van die denke van elkeen

weergegee. Die indruk word geskep asof die skrywer lukraak sake uitlig wat sy eie doel dien, sonder om reg aan die groter denkpatroon te laat geskied.

Die tweede hoofstuk vra na die belydenisskrifte se getuienis hieroor. Slegs die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus, Kategismus van Genéve, Tweede Helvetiese Belydenis, Westminster Konfessie en Groot Kategismus van Westminster word bespreek – en wel uiters onvolledig.

’n Volgende hoofstuk word gewy aan dwalings oor die tussentoestand: die leer oor die vaevuur, sieleslaap, sielsverhuising, spiritisme se kontak met die gestorwenes (wat gewild geword het onder bekende Suid-Afrikaners) en reïnkarnasie word baie kortliks bespreek, sonder diepgaande vergelyking met Bybelse getuienis. Die samevatting by dié hoofstuk handel oor geliefdes wat nie meer pyn het na die dood nie, en wat hoegenaamd geen verband met die inhoud van die hoofstuk toon nie. Al dié besprekings hoort na my mening aan die einde van die boek, terwyl hoofstukke 4 en 5 voorop hoort: Wat sê die Bybel? Mense in rousmart word immers op die omslag beloof dat hulle vertroos gaan word – gebaseer op die Bybel.

In die bespreking van die Ou Testament meld die skrywer dat alle mense na die doderyk gaan as hulle sterf, maar dat gelowiges se doderyk beter is as die doderyk waarheen ongelowiges gaan. Die skrywer het ’n D.Th. in die Ou Testament en behoort te weet dat vir die grootste deel van die Ou Testament Israel geen ander verwagting van lewe ná die dood het nie as dat ’n mens in jou geliefdes se herinneringe bestaan en ophou leef as hulle ook uitsterf. Die feit dat daar twee doderyke is, een vir gelowiges en een vir ongelowiges, aanvaar geen ernstige Ou Testamentikus nie! Daarom pleit gelowiges ook om nie daarheen te gaan nie, omdat dit ’n weersinwekkende plek van duisternis en doodse stilte is.

In die bespreking van Nuwe-Testamentiese gegewens, skryf Bothma:

> Wanneer die Bybel praat oor die tydperk tussen die dood van die liggaam en die opstanding van die liggaam, skree dit nie – dit fluister net. Maar te midde van hierdie fluisterings hoor ons ’n besliste stem. Hierdie gesaghebbende stem verseker ons dat wanneer ons as Christene sterf, ons onmiddellik in die teenwoordigheid van God ingaan en ononderbroke gemeenskap met die Vader geniet – én met die mense wat ons vooruit gegaan het (p. 68).

Die vyfde hoofstuk bevat ses “Skrifbewyse” om dié stelling te staaf. Die blote gebruik van die term “Skrifbewyse” verraai reeds dat die skrywer op ’n ongenuanseerde manier met die Bybel omgaan, waar Bybeltekste op een vlak naas mekaar gestel word en konteksloos en sonder inagneming van genre afgerig word om in dieselfde koor te sing.

Byna net sowel verwysings na onbewustheid as bewustheid as tussentoestand van gestorwenes kom in die Nuwe Testament voor. Vergelyk so Cullmann se gedagte dat die dooies liggaamloos by Christus is, teenoor Murray Harris se siening dat dooies reeds ’n opstandingsliggaam het, die Psigopannicheërs se idee van ’n onbewuste sieleslaap en T.F. Torrance se gedagte dat dooies nie meer deel van ons tydruimtelike bedeling is nie en geen tydgaping tussen dood en wederkoms beleef nie (wat myns insiens die meeste sin maak).

Bothma meen dat gelowiges heengaan om by Christus in die doderyk te wees, terwyl ongelowiges reeds die smart van hulle verlorenheid ervaar. Beteken dit dat Christus in die doderyk is?

Ongekwalifiseerde stellings kom wyd voor; die skrywer het ook ’n voorliefde vir passiewe taalgebruik wat sy stellings omslagtig maak; hy gee geen bronne van die skrywers se werk wat aangehaal word nie; en Skrifverwysings is meestal uit die OAV – alles kenmerke wat die waarde van die boek verlaag.

Die uitgewer kon in ’n werklike markbehoefte voorsien het met die werk, indien dit duideliker geskryf is en daar werklik moeite met die gediversifieerde Bybelse getuienis gemaak is.

**Theron, Flip.** 2006. **Troos in ’n tyd van vertwyfeling: oor die vreemde vertroosting van die Gees.**
Wellington: Lux Verbi.BM. 94 p. Prys: R59,95. ISBN: 0-7963-0440-8.

**Resensent:** B.J. de Klerk
Skool vir Kerkwetenskappe, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Hierdie boek gaan nie oor die soort vertwyfeling waarin die gesag en uitsprake van die Bybel oor God, Christus se maagdelike geboorte en sy opstanding bevraagteken word nie. Dit gaan oor die swaarkry wat Christengelowiges in hierdie harde, wrede en onvriendelike

wêreld moet hanteer. Dit kan selfs gebeur dat 'n toegewyde gelowige dalk wonder of alles hier nie maar tevergeefs is nie. In hierdie opsig wil die skrywer die aandag vestig op blywende vertroosting, juis dié vertroosting wat die groot Trooster, die Heilige Gees, bied.

Flip Theron hanteer as gereformeerde dogmatikus met groot ontsag en respek die Skrif. As pastor (wat hy gebly het dwarsdeur die 22 jaar as akademikus) pas hy Skrifgedeeltes aktueel toe op hierdie lewe wat gelowiges in die "aardse woestyn" moet voer. *Troos in 'n tyd van vertwyfeling* het as subopskrif 'n verduideliking van die aanslag wat hy in die boek gebruik, naamlik *Oor die vreemde vertroosting van die Gees.* Die boek handel oor die vreemde, verrassende maniere waarop die Heilige Gees ons vertroos in twyfel, wanhoop en krisisse. Hiermee sluit hy aan by die titels van drie boeke wat hy saam met sy eertydse kollega, Willie Jonker, geskryf het: *Vreemde gemeenskap*; *Vreemde geregtigheid* en *Vreemde bevryding.* Dit herinner aan die vreemde verrassende manier waarop God in Christus – van wie die Gees uitgaan – met mense handel. Hy kies juis onwaardiges, die onverdienstelikes en Hy gee blywende hoop wanneer alles tevergeefs voel.

In sewe kort oordenkings ontvou Theron vanuit enkele Skrifgedeeltes die vertroosting in tye van vertwyfeling: Hy is teenwoordig al besef ons dit nie (Gen. 28:16); Weerloos in die wildernis (Eks. 32:1); God se Ja-Woord vir die wêreld (Hebr. 4:12; 2 Kor. 1:19-22); Die doop as deurtog deur die dood (1 Kor. 10:1-2); Is alles werklik tevergeefs? (Pred. 1:2; 1 Kor. 15:58); Die sugtende skepping (Rom. 8:18); Die Bruidegom is by die deur (Openb. 3:20). Die sentrale tema is die werk van die Heilige Gees. Elke oordenking word afgesluit met 'n treffende gebed wat die inhoud van die oordenking biddend voor die troon van God bring. Hiermee word die leser uitgenooi om saam met die skrywer die gebed van vertroosting te bid.

Die boek het 'n sterk pastorale aanslag en die skrywer kan homself stel in die skoene van die een wat worstel met die pyn, verwarring en wreedheid van die lewe. Hy hanteer die Skrif vanuit suiwer hermeneutiese beginsels en trek deurgaans duidelike openbarings-historiese lyne. Hy doen moeite om enkele sleutelbegrippe in die teks oop te maak en laat ook ruimte vir die leser om dit self toe te pas. Hy haal by enkele geleenthede ander skrywers aan om sy punt helder te stel. Een van die kosbare aanhalings kom van Noordmans, wanneer Theron oor God se Woord as 'n trooswoord handel:

> As jy sê: 'Ek is skuldig', dan antwoord die Gees: 'Jy is regverdig'. Sê jy: 'Ek is sondig', dan hoor jy: 'Jy is heilig'. Kla jy: 'Ek is 'n vreemdeling en het geen deel aan God se beloftes nie', dan sê die Heilige Gees: 'Nee, jy is 'n geliefde kind van God en medeburger van die heiliges, my eie huisgenoot'. Jy weet dit is name en uitdrukkings wat heeltemal nie by jou pas nie, maar tog die troetelname van 'n moeder wat met haar kind praat.

Hierdie boek is tot opbouing van alle gelowiges se geestelike lewe. Dit bring die leser weer onder die indruk van die leegheid van die lewe sonder die groot Trooster, en laat die leser met verwondering vir die omvattende werk van God in Christus, deur die werk van die Heilige Gees. Hierdie boek word aanbeveel vir lesers wat na geloofsverdieping hunker.

**Doyle, John & Doyle, Barbara.** 2006. **Measuring your marriage.** Wellington: Lux Verbi.BM.144 p. Prys: R79,95. ISBN: 0 7963 0508 0.

**Resensent:** W.C. Vergeer
Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

Op soek na 'n "klaargaar" huweliksverrykingskursus? Dan sal John en Barbara Doyle se *Measuring your marriage* nie teleurstel nie. Uit sy ryk ervaring as Baptistepredikant en as persone wat al verskeie huweliks- en lewensverrykingskursusse aangebied het, stel hierdie egpaar materiaal te boek wat Bybels begrond en in die praktyk beproef is.

Opmerklik is die skrywers se vertrekpunt, naamlik Psalm 127:1: "As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs." Hierdie afhanklikheid van God in huweliks- en lewensverryking kry ook in die publikasie deurgaans prakties gestalte in indringende Bybelstudiemateriaal en persoonlike selfondersoek.

Die kursus gaan daarvan uit dat die huwelik deel is van die groter opset van "die lewe in die huis" voor die aangesig van God. Sestien belangrike onderwerpe wat hiermee verband hou, word in die publikasie behandel. Die onderwerpe is in vier kategorieë ingedeel, naamlik: Eer God in die huis; Gehoorsaam God in die huis; Dien mekaar in die huis; en Vestig voortreflikheid in die huis.

Elke onderwerp word aan die hand van Skrifgedeeltes ingelei en bespreek. Belangrike riglyne word aangedui en gedefinieer.

Gevallestudies en eerlike vrae help die lesers om die geïdentifiseerde riglyne in hulle eie lewe/huwelik te ondersoek en te implementeer. Die publikasie is ook ’n werkboek met plek om persoonlike insigte en die antwoorde op vrae neer te skryf.

Die aard en omvang van die materiaal hou in dat John en Barbara Doyle se *Measuring your marriage* waarskynlik nie geskik is vir “vinnige” behandeling tydens ’n enkele “wegbreek-naweek” nie. Die publikasie bied goeie leesstof vir die individu, maar is uiteindelik die beste geskik vir huweliksverrykingskampe wat ’n volle week duur, of vir behandeling deur Bybelstudie- of kleingroepe wat op gereelde basis bymekaar kom. In ’n kort hoofstuk aan die einde van die boek word ook enkele riglyne en wenke vir kursusleiers gebied. Hierdie publikasie kan met dankbaarheid ontvang en met vrug gebruik word.

**Maartens, Maretha, *samest*.** 2006. **Deur trauma: boek 4.** Pretoria: LAPA Uitgewers. 240 p. Prys: R100,00. ISBN: 0 7993 3586 X.

**Resensent:** Cecelia Jansen
Departement Onderwysersopleiding, Unisa

Die temas wat in hierdie boek verwoord word is uiters relevant en toepaslik in die huidige samelewing. Die benadering uit verskeie hoeke en perspektiewe onderstreep die komplekse aard van trauma en bevestig dat die mens in totaliteit daardeur geraak word. Daar bestaan ’n groot behoefte aan inligting en riglyne oor trauma-hantering in die algemeen.

Die omslag is treffend en skep die idée van ’n lewenslyn in nood; ’n lig wat kan deurbreek in die donkerte. Die rustige, genesende kleure op die omslag verbeeld veral die beeld van hoop op herstel.

Met die eerste oogopslag, bied *Deur trauma: boek 4* ’n geskakeerde en holistiese aanslag vir die persoon wat reeds verskeie vorme van trauma beleef het. Net om deur Hoofstuk 9 te blaai, staaf hierdie idée dat medewerkers aan díe boek trauma uit ’n mediese, beradings-, geestelike en die deursnee menslike oogpunt benader het.

Hoofstuk 1 sluit aan by die idee van hoop en uitkoms wat op die omslag uitgebeeld word. Die hoofstuk lei die leser tot die besef dat, nieteenstaande moeilike omstandighede, daar deur bepaalde denkskuiwe en deur die Christelike hoop, krag geput word in die

verwerking van trauma. Telkens word daarna verwys dat ondanks pyn en verlies daar tog aan die lewe sin gegee kan word deur jou ingesteldheid/houding teenoor gebeure te verander.

*Deur trauma: boek 4* kan in drie dele verdeel word, naamlik:

- Hoofstuk 2, 3, 5 en 6 wat pertinent op verwerping en die verlies aan menswaardigheid gerig is.
- Hoofstuk 4 en 7 wat op die trauma deur natuurrampe en die dood gerig is. (In Boek 2 word ook oor die trauma van natuurrampe berig, maar wel uit die oogpunt van die slagoffer.)
- Hoofstuk 8 beantwoord die vraag "waar kan ek hulp en ondersteuning kry". Die mees algemene vrae oor berading en ondersteuning wat in 'n persoon se gemoed draal, word hier in 'n lys weergegee. Vrae ten opsigte van mediese toestande, seksueel oordraagbare siektes en HIV word ook genoem, alhoewel geen inhoud aan die trauma van siekte en die verlies van lewensvreugde en waarde gewy is nie. Ek stel voor dat hierdie vorm van trauma ook aandag moet geniet, aangesien baie persone in die samelewing verwring, gestrem en gerem word deur siektetoestande soos kanker, diabetes, rumatoïede artritis en HIV. Die span mediese deskundiges van die "ou volk" (Hoofstuk 9) kan werklik 'n reuse bydrae hiertoe lewer. Ek is daarvan bewus dat die trauma van VIGS wel in Boek 3 hanteer word, maar dat daar veel meer waarde in kan steek wanneer aspekte oor dieselfde *tipe* trauma saamgegroepeer kan word. HIV/VIGS geniet wel voorkeur, aangesien die siekte as pandemie gekategoriseer word, maar vele ander lewensingrypende siektetoestande het net so 'n traumatiese impak op die mens. 'n Indeling onder drie subhoofde sou dus vir die leser 'n meer logiese struktuur kon skep.

Die boek rus swaar op die narratiewe en die perspektiewe van die medewerkers, tog kan die leser 'n omstandigheid vind om mee te assosieer. Die degenererende invloed/impak op die lewe van die mens wat trauma beleef het, word deurgaans uitgewys en baie belangrike inligting oor die aard van die trauma word genoem, hoewel daar nie 'n klinkklare beeld geskep word van hoe hierdie trauma verwerk kan word nie. Die leser moet deur die verhale van ander en die gegewe inligting soek na wyses waarop die trauma verwerk kan word. Die verskillende skryfstyle in die boek kom steurend voor – veral vir die fyn leser.

*Deur trauma: boek 1* (Hoofstuk 1-4): *Deur seksuele trauma* is 'n goed deurdagte stuk wat werklik riglyne bied vir die gesondword pad. Die vele gesigte van seksuele trauma word in diepte weergegee. Die hantering van hierdie trauma vanuit 'n fisiese, psigiese en geestelike perspektief is baie waardevol.

Die gedeelte in *Deur trauma: boek 2* oor egskeidingstrauma is baie sinvol en logies saamgestel en bied baie goeie riglyne vir die pad na psigiese herstel.

Alhoewel die boeke in 'n reeks oor traumaverwerking handel, vind ek die uiteenlopende aard van die inhoud oor trauma in die boeke so fragmentaries dat een boek nooit in geheel aandag sal kry nie, want 'n ander toepaslike deel kom in een van die ander boeke voor. Ek stel voor dat daar weer oor die indeling van die inhoude herbesin word, sodat trauma-aspekte van dieselfde aard eerder saam in 'n boek gegroepeer word.